

Notule

Notule van Algemene Jaarvergadering van die VPU gehou op 27 Maart 2021 om 09:00 te Vanderbijlpark Posduifklub Klubhuis Vanderbijlpark.

1. Opening:

Attie du Plessis open met gebed.

2. Verwelkoming:

Attie du Plessis heet almal welkom.

3. Verskonings:

Wayne McPherson, Ben van Greuning, Andries Fivaz, Jan van Jaarsveldt, AJ. Van Tonder en Jacques Britz.

4. Lief en Leed:

Oom Tonnie van Tonder wat herstel na 'n rugoperasie.

5. Afsterwes Gedurende 2020/2021

Leonard Crause Koppies Parkinsons

6. Goedkeuring van Notule AJV 20 Junie 2020 via Google Meets.

Voorgestel as korrek : Fred van Heerden Gesekondeer : Danie Steyn

7. Kontant op hande

Attie du Plessis lees die finansieele state voor aan lede. Elke punt word verduidelik aan al die lede. Die state is beskikbaar vir insae by Freddie van Rensburg en Attie du Plessis.

Voorgestel as korrek: Tommie Bezuidenhout Gesekondeer : Niekie Deysel.

8. Erelidmaatskap

Oubaas Griesel word voorgestel hy is 82 jr oud. Tonnie van Tonder is die jaar 80jr oud. Op 'n jaar tot jaar basis voorgestel.

9. Verkiesing van bestuur 2021

Attie du Plessis verduidelik die **prosedure** wat gevolg was gebaseer op die verkiesing van die Unie se verkiesing. Attie vra die vergadering of daar enige persoon is wat beswaar het met die metode wat daar van gebruik gemaak is. Niemand op die vergadering het aangedui dat hulle beswaar het nie.

Die bestuur wat verkies is vir 2021 is as volg:

- 9.1 Voorsitter: Attie du Plessis.
- 9.2 Visie Voorsitter: Fred van Heerden
- 9.3 Sekretaris: Cor van der Merwe
- 9.4 Tesourier: Freddie Janse Van Rensburg

- 9.5 Wedvlug sekretaris: Niekie Peters
- 9.6 Vervoerbeampte: Wayne Mc Pherson
- 9.7 Ring en Vooraadbeampte: Pieter Cronje
- 9.8 Publikasiebeampte: Tony De Sa

10. Gekoopteerde lede vir 2021 as volg:

- 10.1 Piet van Zyl (Heilbron)
- 10.2 Kobus Els (Heilbron)
- 10.3 Schalk Postumus (Koppies)
- 10.4 Sammy Rheeder (Koppies)
- 10.5 Andre Myburg (Legends)
- 10.6 Nico Smith (Legends)
- 10.7 Tommie Bezuidenhout (Playfair)
- 10.8 Luiz Almeida (Playfair)
- 10.9 Jacques Brits (Supreme Flight)
- 10.10 Niekie Deysel (Overvaal)
- 10.11 Theresa Swanepoel (Overvaal)
- 10.12 Danie Steyn (Vanderbijlpark)
- 10.13 Albie Bloem (Emfuleni)

11. Honorariums betaalbaar aan ampsdraers.

Daar is twee voorstelle 1. Slegs die dagbestuur ontvang 'n honorarium 2. Almal op die bestuur ontvang 'n bedrag van R3500.00.

Word gestem deur middel van 'n handopsteek.

Daar is besluit op 'n bedrag van R3500.00 vir die 8 ampsdraers.

12. Datum van uitreik van ringe:

Gauteng Provinsie het 'n versoek gerig dat die VPU ringe eers 1 Mei moet uitreik voorts vanaf 2022.

Die aangeleentheid word bespreek. Daar word besluit dat daar sekere voorwaardes aan verbonde moet wees Attie sal opneem met die Provinsie. Indien die provinsie dit so sal aanvaar kan die VPU ringe uitgee Mei 2022. VPU se PD ringe sal ook 1 Mei 2021 uitgereik word.

13. Wedvlug program 2021.

Attie du Plessis lê die wedvlug program vir 2021 voor aan al die lede. Geen pret wedvlug vir 2021 nie elke lid is verantwoordelik om toe te sien dat sy klok in goeie werkende toestand is.

Twee weke voor die amptelike wedvlugte begin moet 'n hoklys by jou klub ingedien word van al die lid se duiwe wat hy gaan vlieg.

Wedvlug Thoms Place / Tierpoort Attie Du Plessis deel die vergadering mee dat die combine van Provinsie se mense gevra het of die VPU die wedvlug kan skuif na Dewetsdorp en sodoende kan die VPU 'n ekstra Combine wedvlug vlieg. Emfuleni klub het ook die voorstel gemaak.

Vergadering gaan oor tot 'n stemmery deur middel van hand opsteek. Daar word besluit dat die wedvlug sal verander na Dewetsdorp.

Cradock daar word besluit dat dit een loslating gaan wees maar twee wedvlugte. Niemand het beswaar daarteen nie. Al die loslatings tye is tentatiewe tye.

Richmond kan nie verander nie omdat dit die unie veilingwedvlug is.

Die wedvlugprogram van 2021 word so deur die hele vergadering aanvaar.

14. Jaaroud nominasies.

In die verlede was daar amper geen belangstelling in hierdie wedvlug nie aangesien lede op die eerste aand van mandjie duiwe moes nomineer. Daar word besluit dat lede op die aand van die jaaroud nominasie wedvlug 3 duiwe kan nomineer teen R50.00 per duif. Hierdie besluit was geneem deur middel van hand opsteek.

15. Big 5 Nominasie wedvlugte.

Die 5 wedvlugte beging op Dewetsdorp. 5 duiwe word genomineer vir hierdie 5 wedvlugte dit word direk na mekaar gevlieg. Duif met die meeste punte wen die Big 5 nominasie.

Duiwe moet die eerste aand van mandjie genomineer word. Daar is geen kostes aan verbonde nie. Duiwe moet duidelik gemerk word op die inskrywings vorms by aand van mandjie.

Derby wedvlug Jaar ouds.

Slegs Derby 2020 geregistreerde duiwe mag aan die unie Derby wedvlug deelneem.

16. Combine Punte

Attie verduidelik dat die combine uit 14 wedvlugte bestaan, waarvan OERF net 6 vlieg en ons 10 vlieg. Ons het n versoek aan die Combine gerig dat daar n punte stelsel sal wees vir die 6 wedvlugte, die 10 wedvlugte en die 14 wedvlugte. Hulle sal dit vir ons so doen.

17. Oefen mandjies.

Behoefte vir 87 mandjies. Tans net 56 oefenmandjies. Indien ons in die vlieg mandjies +-25 Duiwe per wedvlug sou sit, behoort ons genoeg oefenmandjie te he. Niemand het beswaar daarteen nie. Ons sal einde April met die eerste betaling vir die wedvlugte die finale spanne en oefenmandjies finaliseer en terugvoer gee hoeveel oefenmandjies daar beskikbaar sal wees.

18. Vervoerkoste.

10/10 Span se kostes beloop R2700.00 15/15 Span se koste beloop R4100.00 en 'n 20/20 span beloop R5500.00. Oefen mandjie kostes beloop R1300.00 per mandjie. Daar is 'n 10% verhoging in kostes vanaf 2019. 13 weke oefen tentatief 6 Winburg en 7 Bloemfontein.

19. Datums betaalbaar.

Die eerste betalings, Unie, provinsie en SANPO gelde moet asb einde Maart gedoen word. Die res van die gelde is in 4 dele betaalbaar nl. Einde April, Mei, Junie en Julie 2021.

Unie gelde word verhoog na R300.00. Mandjie toedeling sal na die ontvangs van die eerste paaiement geskied.

“Sign writing” sal deur Wayne hanteer word.

20. Mandjie materiaal.

Koringstrooi werk nie. Daar word gevra dat daar matte, sakke of dennenaalde gebruik word. Tommie Bezuidenhout verduidelik aan die vergadering hoe die strooi rondwaai in die mandjies duiwe kan nie water drink nie.

21. Klub Konstitusies

Daar is klubs wat volledige klub konstitusies het. Dit is egter nie nodig nie. Klubs kan klub reëls hê. Die 1ste reël moet egter wees die klub verbind hulle self aan die VPU konstitusie. Die VPU moet al die reëls van die verskillende klubs hê.

22. Nuwe klubs.

Emfuleni en Legends. Hoeveel klubs gaan daar toegelaat word in die VPU? Verlede was daar 10 klubs dit is die vergadering se besluit dit 10 klubs sal bly. Indien daar 'n nuwe klub gestig word moet die klub 'n bedrag van R5000.00 oorbetaal aan die VPU. Daar is tans net 8 klubs in die VPU. Die 2 klubs wat ekstra is word gereserveer vir buite dorpe.

23. Verbode middels en toetsing Kommittee.

Vanderbijlpark klub stel voor meer toetse in die VPU. Vir elke 20 lede moet daar 1 toets gedoen word volgens SANPO. Vanderbijlpark stel voor hulle soek meer gereelde toetse. Word aanvaar deur die vergadering. Niekie Peters en Fred van Heerden sal die komitee saamstel en koördineer. Elke klub moet egter een persoon aanwys om te gaan vir opleiding. Attie du Plessis sal reël daarvoor.

24. Items Ontvang deur Klubs.

Vanderbijlpark: Termyn van Unie bestuur. SANPO en Gauteng Provinsie se termyn is 4jaar. Hierdie besluit word terugwerkend goedgekeur deur die vergadering. 'n Bevoegde persoon vir die pos. Indien 'n persoon bedank kan n volgende persoon gekoopteer word. Indien 'n persoon nie sy deel doen nie, kan die persoon sy posisie verloor. Dit sal net kan gebeur met n deeglike ondersoek.

Overvaal: Video van loslating. Alle Combines is daar video's beskikbaar indien die VPU alleen loslaat sal daar gereel word vir so 'n video. Video van kos en water gee op die trok. Niekie Deysel stel voor van elke wedvlug waar kos en water gegee word moet daar 'n video geneem word. Die vergadering besluit dat dit wel gedoen moet word. Kameras op trok. Kameras op trok is vir huishoudelike gebruik en nie vir voertuig gebruik nie. Tony de Sa beaam dit. Kwotasies moet aangevra word - Wayne sal gevra word vir die beste opsie. Niekie Deysel stel voor dat daar 'n kwotasie gekry moet word by Nasua Vaal aangesien sy broer Jan Deysel se gade daar werksaam is. Dalk 'n borg vir die kameras deur Nasua Vaal. 2 kameras.

Koppies: Stel voor daar moet 'n boek saamgestel word vir lede en gegee word met die prysuitdeling.

Elke klub se eie verantwoordelikheid vir die boek.

Heilbron: Optel tye van duiwe by Heilbron. Sleepwa van oorlede Daan Venter word bespreek. Cor vd Merwe moet 'n aanbod insit by sy weduwee met die aankoop van die sleepwa vir R8000.00. Ons neem kennis van Heilbron se versoek en sal daarna kyk. Die laai tye sal later deurgegee word.

25. Publikasie Beampte.

Alle besonderhede van verskillende klubs moet volledig aan Cor deurgegee word. Vir toekenning van Sanpo nommers en vir die opdatering van die VPU webblad. Dalk 'n foto van elke lid.

26. Medpet / Sponsorships / Adverteer op trek.

Cor van der Merwe deel die vergadering mee dat hy in kontak was met Medpet. Medpet is bereid om sekere "hampers" aan die VPU te gee. Hulle wil inruil daarvoor 'n advertensie op die trek hê. Daar moet besluit word hoe groot spase ons vir hulle kan gee vir 'n advertensie op die trek dit sal die waarde van die "Hampers" bepaal. Daar word voorgestel deur die vergadering dat sekere wedvlugte vernoem kan word na Medpet soos bv. Die Medpet Jaar oud kampioenskap. Dit sal ook so aangebring word op die VPU se web blad. Dit word so aanvaar deur die vergadering.

27. VPU Veilings gelde :

Die laatste wat die gelde kan betaal word, is 31 Augustus 2021.

28. Jaareind Funksie Komitee.

Die Unie bestuur is verantwoordelik vir die reëlings.

29. Uitstaande Dokumentasie Klubs.

Alle dokumentasie moet ingehandig wees voor die eerste wedvlug. PMV1 en Pokke sertifikate moet in tweevoud voltooi word. Hou een by jou huis. Afrikaanse en Engelse weergawes is beskikbaar op die VPU se web blad.

30. Verlies van duiwe telefoon nommers en Rapportering.

Die prosedures word aan die vergadering verduidelik.

31. SANPO Korrespondensie / Aangeleenthede bespreek by die AJV van 2021 en Grondwet wysigings.

Een groot verandering wat aangebring was jy kom nooit 'n duif verder gevlieg het as 1000km nie. Dit het verander na 1200km. Unie moet net toestemming verkry word SANPO af.

"Social media policy" Jy mag as lid geen negatiewe goed oor die duiwesport op sosiale media sit nie. Daar kan teen lede opgetree word wat dit verontagsaam. Die grondwet wysigings sal volg op 'n addendum tot hierdie notule.

32. Vlieg van wedvlugte buite die VPU.

Geen georganiseerde wedvlugte word binne die VPU se grense toegelaat nie.

33. Afsluiting

Attie du Plessis bedank almal teenwoordig vir hulle teenwoordigheid. Dankie, aan almal vir die goeie wyse hoe die vergadering verloop het.

Cor van der Merwe (Sekretaris VPU)

(OORSPRONKLIK GETEKEN EN BESIKBAAR)